

**Woensdag 9 September**

**Skrifgedeelte: Rut 4:11-17**

**Fokusgedeelte: Rut 4:16, 17**

**God voorsien ...**

**D**ie kindjie wat uit die lossingshuwelik tussen Boas en Rut gebore is, word deur Naomi as haar eie kind aangeneem. Vreemd genoeg is dit die enigste keer waar ons in die Ou Testament lees dat 'n kind nie deur sy familie 'n naam gegee word nie, maar deur ander sy naam kry.

Naomi se buurvroue noem hom Obed, wat "*dienaar*" of "*om te dien*" beteken. Soos ons gister gelees het, word hierdie kind wat uit die leviraatshuwelik van Maglon gebore is, dan ook die nageslag, kind en erfgenaam van Elimeleg. Elimeleg beteken *God is Koning*. So voorsien God 'n dienaar vir die nageslag van "God is Koning" waaruit koning Dawid later gebore sou word. (Obed was Dawid se oupa.)

In hierdie geskiedenis beskik God dit dan so dat Dawid ook afstammeling van 'n Moabitiese vrou, Rut, is. Hierdeur wys God vir ons dat afkoms nie die bepalende faktor is om gered te wees nie. Later het Dawid ook erkenning aan die Moabiete gegee deur die koning van Moab te vra om skuilplek vir sy ouers teen Saul se woede te bied (1 Sam. 22:3). Ons weet ook dat Jesus Christus, ons Here en Redder, later uit die nageslag van Dawid gebore is.

Ons Koning, wat God is, word in Betlehem as Kind van Maria en Josef, as Dienaar vir ons gebore. In God se voorsienigheid as Koning en Dienaar is ek en jy, ongeag ons agtergrond of afkoms, kinders van God. Alles deur die genade van die werking van die Heilige Gees wat geloof in ons harte werk.

*Sing: Psalm 33-1:1, 6*

*Ds. JJ de Bruyn (Johannes) (George)*